REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Government Gazette
Staatskoerant

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **50c** Plaaslik
Other countries **70c** Buitelands
Post free • Posvry

Registered at the post office as a Newspaper

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 280 PRETORIA, 21 OCTOBER OKTOBER 1988 No. 11547

WARRANT

by the State President of the Republic of South Africa by which is instituted "The Order of Good Hope—Die Orde van Goeie Hoop"

To all to whom these presents may come:

GREETINGS!

Whereas it is desirable that citizens of foreign countries who have distinguished themselves by their services in the mutual promotion of our international relations or have promoted the interests of the Republic, are honoured in an appropriate manner;

Now, therefore, in terms of section 6 (3) (b) of the Constitution Act of the Republic of South Africa, 1983 (Act 110 of 1983), I do repeal the said Warrant, dated 2 March 1973, and the Rules and Regulations thereto without prejudice to anything lawfully done thereunder;

And now therefore, in terms of section 6 (3) (b) of the Constitution Act of the Republic of South Africa, 1983 (Act 110 of 1983), I do hereby institute an Order known as "The Order of Good Hope—Die Orde van Goeie Hoop", as a honourable tribute to such persons, and further ordain that the undermentioned Rules, together with the Regulations that may be issued in terms of this Warrant shall govern the award of the Order.

CLASSES

1. The Order is available for award in five classes to:

(i) *Class I: Grand Cross (Gold):*

Heads of State and in special cases Heads of Government, and other persons who have promoted the interests of the Republic through excellent meritorious service.

BEVELSKRIF

van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika waarby "Die Orde van Goeie Hoop—The Order of Good Hope" ingestel word

Aan almal wat hiervan kennis mag neem:

SALUUT!

Aangesien dit wenslik is dat burgers van vreemde moondhede wat hulle deur hul dienste in die wedersydse bevordering van ons internasionale verhoudings onderskei het of die belang van die Republiek bevorder het, op paslike wyse vereer word;

So is dit dat ek kragtens artikel 6 (3) (b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet 110 van 1983), die Bevelskrif, gedateer 2 Maart 1973, en die Reëls en Regulasies daarby herroep sonder om afbreuk te doen aan enigiets wat regtens daarkragtens verrig is;

En so is dit dat ek kragtens artikel 6 (3) (b) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet 110 van 1983) hierby 'n Orde wat bekend sal staan as "Die Orde van Goeie Hoop—The Order of Good Hope" instel as 'n eervolle huldeblyk aan sodanige persone en voorts verorden dat onderstaande Reëls, tesame met die Regulasies wat ingevole hierdie Bevelskrif uitgevaardig mag word, vir die toekenning van die Orde geld.

KLASSE

1. Die Orde is beskikbaar vir toekenning in vyf klasse aan:

(i) *Klas I: Grootkruis (Goud):*

Staatshoofde en in spesiale gevalle Regeringshoofde, en ander persone wat deur uitmuntende voortreflike diens die belange van die Republiek bevorder het.

(ii) *Class II: Grand Officer (Silver):*

Heads of Government and other Ministers of State, Supreme Court Judges, Presidents of Legislative Bodies, Secretaries of State, Ambassadors Extraordinary and Plenipotentiary, Commanders in Chief of the armed forces, other functionaries and persons of comparable rank and station according to the rules and practises of each country, who have promoted the interests of the Republic through outstanding meritorious service.

(iii) *Class III: Commander:*

Members of Legislative Bodies, Envoys Extraordinary and Ministers Plenipotentiary, general officers of the armed forces other than Commanders in Chief, other functionaries and persons of comparable rank and station according to the rules and practices of each country, who have promoted the interests of the the Republic through exceptionally meritorious service.

(iv) *Class IV: Officer:*

Chargés d' Affaires, Counsellors of diplomatic missions, Consuls General, Colonels and Lieutenant-Colonels or persons of equivalent rank, other functionaries and persons of comparable rank and station according to the rules and practices of each country, who have promoted the interest of the Republic through meritorious service.

(v) *Class V: Member:*

Secretaries of diplomatic missions, Consuls, lower ranking officers of the armed forces, other functionaries and persons of comparable rank and station according to the rules and practices in each country, who have promoted the interest of the Republic through exceptional service.

INSIGNIA

2. The Insignia consist of—
   (i) the Neck Decoration;
   (ii) the Breast Decoration;
   (iii) the Pendant;
   (iv) the Neck Ribbon;
   (v) the Breast Ribbon;
   (vi) the Breast Star;
   (vii) the Miniature Badge; and
   (viii) the Rosette.

3. *Class I: Grand Cross (Gold):*
   (i) The Neck Decoration is of gold and consists of an eight-pointed, multi-rayed star and a medallion bearing an ascending and descending white dove on a turquoise background, within a circular white border carrying the legend "Spes Bona" above and embellished below with 8 protea flowers slipped and leaved. The Neck Decoration fits within a circle with a diameter of 60 mm.
   (ii) The Pendant is of gold and takes the form of a cabled anchor, 32 mm in length and 24 mm in width, which is connected to the Neck Decoration by means of a hinge-joint.
   (iii) The Neck Ribbon is 36 mm wide with vertical bands of green 2 mm, gold 8 mm, green 16 mm, gold 8 mm and green 2 mm.

(ii) *Klas II: Grootoffisier (Silwer):*

Regeringshoofde en ander Staatsministers, Regters van Hooggeregshowe, Presidente van Wetgewende Liggame, Staatsekretarisse, Buitengewone en Gevolmagtigde Ambassadeurs, Opperbevelhebbers van die gewapende magte, ander ampsbeklеders en persone van vergelykbare rang en stand volgens die reëls en gebruike van elke land en ander persone wat deur hoogstaande voortreflike diens die belange van die Republiek bevorder het.

(iii) *Klas III: Kommandeur:*

Lede van Wetgewende Liggame, Buitengewone Gesante en Gevolmagtigde Ministers, ander opperoffisiere van die gewapende magte as Opperbevelhebbers, ander ampsbeklеders en persone van vergelykbare rang en stand volgens die reëls en gebruike van elke land wat deur besondere voortreflike diens die belange van die Republiek bevorder het.

(iv) *Klas IV: Offisier:*

Saakgelastigdes, Rade van diplomatieke sendings, Konsuls-generaal, Kolonels en Luitenant-kolonels of persone van gelyke rang, ander ampsbeklеders en persone van vergelykbare rang en stand volgens die reëls en gebruike van elke land en ander persone wat deur voortreflike diens die belange van die Republiek bevorder het.

(v) *Klas V: Lid:*

Sekretarisse van diplomatieke sendings, Konsuls, offisiere van laer range in die gewapende magte, ander ampsbeklеders en persone van vergelykbare rang en stand volgens die reëls en gebruike van elke land en ander persone wat deur besondere diens die belange van die Republiek bevorder het.

ORDETEKENS

2. Die Insinjes bestaan uit—
   (i) die Halskenteken;
   (ii) die Borskenteken;
   (iii) die Hanger;
   (iv) die Halslint;
   (v) die Borslint;
   (vi) die Borsster;
   (vii) die Miniatuurkenteken; en
   (viii) die Roset.

3. *Klas I: Grootkruis (Goud):*
   (i) Die Halskenteken is van goud en bestaan uit 'n agtpuntige, veelstralige ster en 'n madaljon wat 'n opstygende en neerdalende wit duif op 'n turkoois agtergrond, binne-in 'n wit sirkelrand met op die bokant daarvan die randskrif "Spes Bona" en die onderkant daarvan versier met 8 gestengelde en geblaarde proteablomme, bevat. Die Halskenteken pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 60 mm.
   (ii) Die Hanger is van goud in die vorm van 'n gekabelde anker, 32 mm in lengte en 24 mm in wydte, wat deur middel van 'n skarnierring aan die Halskenteken geheg is.
   (iii) Die Halslint is 36 mm breed met vertikale bane van groen 2 mm, goud 8 mm, groen 16 mm, goud 8 mm en groen 2 mm.

(iv) The Breast Ribbon is the same as the Neck Ribbon. A golden Rosette on a golden background is worn on the ribbon.

(v) The Breast Star is of gold and the same as the Neck Decoration. It fits within a circle with a diameter of 72 mm.

(vi) The Miniature Badge is the same as the Neck Decoration and fits within a circle with a diameter of 20 mm. It is pendent from a ribbon half the width of the full-size ribbon and in the same colours.

(vii) The Rosette consists of the medallion of the Order in gold, on a golden background and fits within a circle with a diameter of 11 mm.

4. *Class II: Grand Officer (Silver):*

(i) The Neck Decoration is the same as that of Class I, but the angled rays of the multi-rayed star are silver.

(ii) The Pendant of Gold is the same as that of Class I.

(iii) The Neck Ribbon is the same as that of Class I.

(iv) The Breast Ribbon is the same as that of Class I. A golden Rosette on a silver background is worn on the ribbon.

(v) The Breast Star is the same as that of Class I, but the angled rays of the multi-rayed star are silver.

(vi) The Miniature Badge is the same as the Neck Decoration and fits within a circle with a diameter of 20 mm. It is pendent from a ribbon half the width of the fullsize ribbon and in the same colours.

(vii) The Rosette consists of the medallion of the Order in gold, on a silver background and fits within a circle with a diameter of 11 mm.

5. *Class III: Commander:*

(i) The Neck Decoration is the same as that of Class I with the difference that the star is silver.

(ii) The Pendant is the same as that of Class I, but is silver.

(iii) The Neck Ribbon is the same as that of Class I.

(iv) The Breast Ribbon is the same as that of Class I. A golden Rosette without background is worn on the ribbon.

(v) The Miniature Badge is the same as the Neck Decoration and fits within a circle with a diameter of 20 mm. It is pendent from a ribbon half the width of the fullsize ribbon and in the same colours.

(vi) The Rosette consists of the medallion of the Order in gold, without background and fits within a circle with a diameter of 11 mm.

6. *Class IV: Officer:*

(i) The Breast Decoration is the same as the Neck Decoration of Class I, but the longest rays of the multi-rayed star are silver and with the difference that it fits within a circle with a diameter of 45 mm.

(ii) The Breast Ribbon is the same as that of Class I. A silver Rosette without background is worn on the ribbon.

(iii) The Miniature Badge is the same as the Breast Decoration and fits within a circle with a diameter of 20 mm. It is pendent from a ribbon half the width of the Breast Ribbon.

(iv) Die Borslint is dieselfde as die Halslint. Op die lint word 'n goue Roset op 'n goue agtergrond gedra.

(v) Die Borsster is van goud en soos die Halskenteken. Dit pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 72 mm.

(vi) Die Miniatuurkenteken is soos die Halsteken en pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 20 mm. Dit hang aan 'n lint een helfte die wydte van die volgrootte lint en is in dieselfde kleure.

(vii) Die Roset bestaan uit die medaljon van die Orde in goud, op 'n goue agtergrond en pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 11 mm.

4. *Klas II: Grootoffisier (Silwer):*

(i) Die Halsteken is dieselfde as dié van Klas I, maar die skuinsstrale van die veelstralige ster is van silwer.

(ii) Die Hanger van goud is dieselfde as dié van Klas I.

(iii) Die Halslint is dieselfde as dié van Klas I.

(iv) Die Borslint is dieselfde as dié van Klas I. Op die lint word 'n goue Roset op 'n silwer agtergrond gedra.

(v) Die Borsster is dieselfde as dié van Klas I, maar die skuinsstrale van die veelstralige ster is van silwer.

(vi) Die Miniatuurkenteken is soos die Halskenteken en pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 20 mm. Dit hang aan 'n lint een helfte die wydte van die volgrootte lint en is in dieselfde kleure.

(vii) Die Roset bestaan uit die medaljon van die Orde in goud, op 'n silwer agtergrond en pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 11 mm.

5. *Klas III: Kommandeur:*

(i) Die Halskenteken is dieselfde as dié van Klas I met die verskil dat die ster silwer is.

(ii) Die Hanger is dieselfde as dié van Klas I, maar is van silwer.

(iii) Die Halslint is dieselfde as dié van Klas I.

(iv) Die Borslint is dieselfde as dié van Klas I. Op die lint word 'n goue Roset sonder agtergrond gedra.

(v) Die Miniatuurkenteken is soos die Halskenteken en pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 20 mm. Dit hang aan 'n lint een helfte die wydte van die volgrootte lint en is in dieselfde kleure.

(vi) Die Roset bestaan uit die medaljon van die Orde in goud, sonder agtergrond en pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 11 mm.

6. *Klas IV: Offisier:*

(i) Die Borskenteken is dieselfde as die Halskenteken van Klas I, maar die langste strale van die veelstralige ster is van silwer en met die verskil dat dit binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 45 mm pas.

(ii) Die Borslint is dieselfde as dié van Klas I. Op die lint word 'n silwer Roset sonder agtergrond gedra.

(iii) Die Miniatuurkenteken is soos die Borskenteken en pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 20 mm. Dit hang aan 'n lint een helfte die wydte van die Borslint.

(iv) The Rosette consists of the medallion of the Order in silver, without background and fits within a circle with a diameter of 11 mm.

7. *Class V: Member:*

(i) The Breast Decoration is the same as that of Class IV with the difference that all the metal is silver.

(ii) The Breast Ribbon is the same as that of Class I.

(iii) The Miniature Badge is the same as the Breast Decoration and fits within a circle with a diameter of 20 mm. It is pendent from a ribbon half the width of the Breast Ribbon.

8. The reverse side of the Neck and Breast Decoration bears the embellished Coat of Arms of the Republic of South Africa. The serial number is also inscribed on the reverse side of the Insignia.

OFFICIALS OF THE ORDER

9. The Officials of the Order are the following:

(i) The State President is the Patron of the Order; and

(ii) the Secretary-General: State President's Office acts as Chancellor of the Chancery of Orders and administers and keeps the Order.

AWARD OF THE ORDER

10. The State President or Acting State President may subject to the Rules and Regulations concerning "The Order of Good Hope—Die Orde van Goeie Hoop" (hereafter referred to as the Regulations) award the Order, also posthumously.

11. The award of the Order does not involve any designation, title, rank or privilege.

WEARING OF THE ORDER

12. The Order in all the classes shall be worn as follows by the following categories of persons:

(a) *Civilian persons:*

(i) The Neck Decoration is worn pendent from the Neck Ribbon around the neck and the Breast Star pinned on the left chest. When awarded to a lady, it is worn on the left shoulder pendent from a ribbon of the same width and colour made up in a bow.

(ii) The Breast Decoration in Class IV and Class V is worn on the left chest.

(iii) The Miniature Badge is worn on the left chest.

(iv) The Rosette is worn on the left lapel of the jacket, or as a brooch by ladies.

(b) *Members of the armed forces:*

(i) The Neck Decoration is worn pendent from the Neck Ribbon around the neck and the Breast Star pinned on the left chest according to the Dress Regulations of each armed force.

(ii) The Breast Decoration in Class IV and Class V is worn on the left chest.

(iii) The Miniature Badge is worn on the left chest according to the Dress Regulations of each armed force.

(iv) The Rosette is worn on the Breast Ribbon, or on the left lapel of the jacket, or as a brooch by ladies when dressed in civilian clothes.

(iv) Die Roset bestaan uit die medaljon van die Orde in silwer, sonder agtergrond en pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 11 mm.

7. *Klas V: Lid:*

(i) Die Borskenteken is dieselfde as dié van Klas IV met die verskil dat al die metaal van silwer is.

(ii) Die Borslint is dieselfde as dié van Klas I.

(iii) Die Miniatuurkenteken is soos die Borskenteken en pas binne-in 'n sirkel met 'n deursnee van 20 mm. Dit hang aan 'n lint een helfte die wydte van die Borslint.

8. Die keersy van die Hals- en Borskenteken dra die versierde ampswapen van die Republiek van Suid-Afrika. Die reeksnommer word ook op die keersy van die Insinjes aangebring.

BEAMPTES VAN DIE ORDE

9. Die Beamptes van die Orde is as volg:

(i) Die Staatspresident is die Beskermer van die Orde; en

(ii) die Sekretaris-generaal: Kantoor van die Staatspresident tree op as Kanselier van die Kanselary van Ordes en administreer en bewaar die Orde.

TOEKENNING VAN DIE ORDE

10. Die Staatspresident of Waarnemende Staatspresident kan behoudens die Reëls en Regulasies betreffende "Die Orde van Goeie Hoop—The Order of Good Hope" (hierna die Regulasies genoem) die Orde toeken, ook nadoods.

11. Die toekenning van die Orde bring nie 'n benaming, titel, rang of voorreg mee nie.

DRA VAN DIE ORDE

12. Die Orde in al die klasse word soos volg deur die ondergenoemde kategorieë van persone gedra:

(a) *Burgerlike persone:*

(i) Die Halskenteken word met 'n Halslint om die nek en die Borsster vasgespeld op die linkerkant van die bors gedra. Wanneer die Orde aan 'n dame toegeken is, word dit op die linkerskouer gedra aan 'n lint van dieselfde breedte en kleur, opgemaak in strikvorm.

(ii) Die Borskenteken in Klas IV en Klas V word op die linkerbors gedra.

(iii) Die Miniatuurkenteken word aan die linkerkant van die bors gedra.

(iv) Die Roset word op die linkerlapel van die baadjie gedra, of as 'n borsspeld deur dames.

(b) *Lede van gewapende magte:*

(i) Die Halskenteken word met 'n Halslint om die nek en die Borsster vasgespeld op die linkerkant van die bors gedra ooreenkomstig die Tenuevoorskrifte van elke gewapende mag.

(ii) Die Borskenteken in Klas IV en Klas V word op die linkerbors gedra.

(iii) Die Miniatuurkenteken word op die linkerkant van die bors gedra ooreenkomstig die Tenuevoorskrifte van elke gewapende mag.

(iv) Die Roset word op die Borslint, of op die linkerlapel van die baadjie, of as 'n borsspeld deur dames wanneer in burgerlike drag geklee, gedra.

GENERAL RULES

13. The State President as Patron of the Order is, on assumption of office and after relinquishing office, the holder of the Order in the highest class and can wear any Insignia of the Order on appropriate occasions.
14. All Insignia not awarded, are kept by the Chancery.
15. The names of the persons who were awarded the Order, are published in the *Government Gazette*.
16. The State President may make Regulations to give effect to the provisions of this Warrant.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Fifth day of October, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

P. W. BOTHA,
State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

R. F. BOTHA,
Minister of the Cabinet.

REGULATIONS GOVERNING "THE ORDER OF GOOD HOPE—DIE ORDE VAN GOEIE HOOP"

The State President has, in terms of rule 16 of his Warrant, dated the 5th day of October 1988, by which "The Order of Good Hope—Die Orde van Goeie Hoop" (hereinafter referred to as the Order) was instituted, approved that the following regulations governing the Order be promulgated:

1. Upon award, the Order shall be presented by the State President the Acting State President or by any other person designated by him to the person to whom it has been awarded, if at all possible, and, in the case of a posthumous award, to the next of kin, a blood relation or legal heir of the deceased, as the State President may recommend.
2. A Certificate of Award bearing the embossed Seal of the Chancery of Orders and signed by the Chancellor of the Chancery of Orders in the State President's Office or any officer designated by him, shall be issued in respect of each Order awarded.
3. The Insignia shall be worn only by the person to whom they were awarded.
4. (i) If the Insignia or Certificate of Award is stolen, lost, destroyed or damaged, the circumstances must be reported immediately to the Chancellor of the Chancery of Orders.
   (ii) If the Chancellor after due investigation and upon sworn information is of the opinion that the theft, loss, destruction or damage to the Insignia or Certificate of Award was not due to the negligence or carelessness of the recipient, he may authorize the replacement thereof at the expense of the State, otherwise the recipient must bear the cost of replacement.
5. The holder of the Order shall not pledge, barter, sell or otherwise dispose thereof except by testamentary bequest. In case of any doubt, the Chancellor of the Chancery of Orders must be consulted.
6. Upon award of the Order in a higher class than that presently held by a recipient, only the Insignia of the higher class of the same Order may be worn.

ALGEMENE REËLS

13. Die Staatspresident as Beskermer van die Orde is, vanaf ampsaanvaarding en na ampsneerlegging, die houer van die Orde in die hoogste klas en kan enige Insinjes van die Orde by toepaslike geleenthede dra.
14. Alle nie-toegekende Insinjes word by die Kanselary bewaar.
15. Die name van persone aan wie die Orde toegeken is, word in die *Staatskoerant* gepubliseer.
16. Die Staatspresident kan Regulasies uitvaardig om aan die bepalings van hierdie Bevelskrif uitvoering te gee.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vyfde dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Agt-en-tagtig.

P. W. BOTHA,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

R. F. BOTHA,
Minister van die Kabinet.

REGULASIES BETREFFENDE "DIE ORDE VAN GOEIE HOOP—THE ORDER OF GOOD HOPE"

Die Staatspresident het ingevolge reël 16 van sy Bevelskrif, gedateer die 5de dag van Oktober 1988 waarby "Die Orde van Goeie Hoop—The Order of Good Hope" (hieronder die Orde genoem) ingestel is, goedgekeur dat onderstaande regulasies betreffende die Orde uitgevaardig word:

1. Die Orde word na toekenning, aangebied deur die Staatspresident, Waarnemende Staatspresident of 'n ander persoon deur die Staatspresident aangewys, indien enigsins moontlik aan die persoon aan wie dit toegeken is en, in die geval van 'n nadoodse toekenning, aan die oorledene se naasbestaande, 'n bloedverwant of wettige erfgenaam soos die Staatspresident mag bepaal.
2. 'n Toekenningsertifikaat met die Seël van die Kanselary van Ordes daarop gebosseleer en onderteken deur die Kanselier van die Kanselary van Ordes in die Kantoor van die Staatspresident of 'n beampte deur hom aangewys, word uitgereik ten opsigte van elke Orde wat toegeken word.
3. Die Insinjes mag gedra word slegs deur die persoon aan wie dit toegeken is.
4. (i) Indien die Insinjes of Toekenningsertifikaat gesteel word of verlore, vernietig of beskadig raak, moet die omstandighede onverwyld skriftelik aan die Kanselier van die Kanselary van Ordes gerapporteer word.
   (ii) Indien die Kanselier na behoorlike ondersoek en op grond van beëdigde inligting van mening is dat die diefstal, verlies, vernietiging of beskadiging van die Insinjes of toekenningsertifikaat nie aan die ontvanger se nalatigheid of agtelosigheid te wyte is nie, kan hy magtiging daartoe verleen dat dit op staatskoste vervang word, anders moet die ontvanger die koste van die vervanging dra.
5. Die houer van die Orde mag dit nie verpand, verruil, vekoop of andersins wegmaak nie behalwe by testamentêre beskikking. Indien daar enige twyfel bestaan moet daar met die Kanselier van die Kanselary van Ordes oorleg gepleeg word.
6. By die toekenning van die Orde in 'n hoër klas as dié wat reeds deur die ontvanger gehou word, mag slegs die ordetekens van die hoër klas van dieselfde Orde gedra word.

7. Before the Order may be awarded, an unequivocal assurance, confirmed by the diplomatic channel, that the nominee is prepared and has been granted approval by his Government to accept the Order, must be obtained.

8. The Chancery of Orders keeps a register in which the following is recorded:

   (i) The name of the recipient, the date of award and the number of the Insignia; and

   (ii) the annulment, loss or replacement of the Insignia of the Order.

9. The State President may—

   (i) amend or recall the Insignia of the Order;

   (ii) amend or recall the requirements for award of the Order; and

   (iii) recall the Order.

GOVERNMENT NOTICES

OFFICE OF THE COMMISSION FOR ADMINISTRATION

No. 2145 **21 October 1988**

COMPETITION BOARD

INVESTIGATION IN TERMS OF SECTION 6 (1) (a) OF THE MAINTENANCE AND PROMOTION OF COMPETITION ACT, 1979 (ACT 96 OF 1979)

The Competition Board hereby makes known for general information that it is undertaking an investigation in terms of the provisions of section 6 (1) (a) of the Maintenance and Promotion of Competition Act, 1979 (Act 96 of 1979), into economic concentration in the supply, processing and marketing of forestry products. Any person may within thirty (30) days from the publication of this notice make such written representations as are considered necessary regarding this investigation to the Director: Investigations of the Competition Board, Private Bag X720, Pretoria, 0001 or Telefax (012) 322-5428. (Reference R4/2/1/2/44 over R6/2/1/2/44).

DEPARTMENT OF DEVELOPMENT AID

No. 2142 **21 October 1988**

APPOINTMENT OF ACTING DIRECTOR-GENERAL.—DEVELOPMENT AID

It is hereby notified for general information that the Minister of Education and Development Aid has been pleased to approve the appointment of Wessel Serett Maree to be Acting Director-General: Development Aid for the period 4 November 1988 to 27 November 1988 during the absence on leave of Gilles van de Wall.

7. Alvorens die Orde toegeken mag word, moet 'n ondubbelsinnige versekering, bevestig deur die diplomatieke kanaal, dat die benoemde bereid en deur sy Regering gemagtig is om die Orde te aanvaar as dit aan hom toegeken sou word, verkry word.

8. Die Kanselary van Ordes hou 'n register waarin die volgende aangeteken word:

   (i) Die naam van die ontvanger, die datum van toekenning en die nommer van die Insinjes; en

   (ii) die nietigverklaring, verlies of vervanging van die Insinjes van die Orde.

9. Die Staatspresident kan—

   (i) die Insinjes van die Orde wysig, of herroep;

   (ii) die vereistes vir toekenning van die Orde wysig of herroep; en

   (iii) die Orde herroep.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

KANTOOR VAN DIE KOMMISSIE VIR ADMINISTRASIE

No. 2145 **21 Oktober 1988**

RAAD OP MEDEDINGING

ONDERSOEK INGEVOLGE ARTIKEL 6 (1) (a) VAN DIE WET OP DIE HANDHAWING EN BEVORDERING VAN MEDEDINGING 1979 (WET 96 VAN 1979)

Die Raad op Mededinging maak hierby vir algemene inligting bekend dat hy, kragtens die bepalings van artikel 6 (1) (a) van die Wet op die Handhawing en Bevordering van Mededinging, 1979 (Wet 96 van 1979), ondersoek instel na ekonomiese konsentrasie in die voorsiening, verwerking en bemarking van bosbouprodukte. Enigiemand kan binne 'n tydperk van dertig (30) dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing die skriftelike vertoë aangaande hierdie ondersoek wat so iemand nodig ag, rig aan die Direkteur: Ondersoeke van die Raad op Mededinging, Privaatsak X720, Pretoria, 0001 of Telefax (012) 322-5428. (Verwysing R4/2/1/2/44 oor R6/2/1/2/44).

DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELINGS-HULP

No. 2142 **21 Oktober 1988**

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE DIREKTEUR-GENERAAL.—ONTWIKKELINGSHULP

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Minister van Onderwys en Ontwikkelingshulp behaag het om sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van Wessel Serett Maree as Waarnemende Direkteur-generaal: Ontwikkelingshulp vir die tydperk 4 November 1988 tot 27 November 1988 in die afwesigheid met verlof van Gilles van de Wall.

DEPARTMENT OF DEVELOPMENT PLANNING

No. 2103 **21 October 1988**

AMENDMENT OF THE GUIDE PLAN FOR GREATER PRETORIA

By virtue of the powers vested in me by section 6A (19) of the Physical Planning Act, 1967 (Act 88 of 1967) I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning, hereby amend the Guide Plan for Greater Pretoria by inserting the phrase—"or authorised local authority" after "administrator of Transvaal" in paragraph G of Annexure B of the Guide Plan Document.

Signed at Pretoria this 19th day of September 1988.

J. C. HEUNIS,
Minister of Constitutional Development and Planning.

No. 2131 **21 October 1988**

DESIGNATION AND SETTING ASIDE OF LAND AS A DEVELOPMENT AREA IN THE DISTRICT OF ELLIOT

I, Roelof Petrus Meyer, acting on behalf and by direction of the Minister of Constitutional Development and Planning, do hereby in terms of section 33 (3) of the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984), as amended, make known that the land defined in the Schedule hereto has been designated as a development area in terms of section 33 (1) of the said Act.

R. P. MEYER,
Deputy Minister of Constitutional Development and Planning.

(File A6/5/2/E8)

SCHEDULE

A certain area of land 99,5095 ha in extent, being Erf 806 (Portion of Erf 1) Elliot, situated in the municipal area and Administrative District of Elliot, as shown on Surveyor-General Diagram 28/1988.

No. 2132 **21 October 1988**

ALTERATION OF DEVELOPMENT AREA.—MASIBAMBANE, DISTRICT OF ELLIOT

I, Jan Christiaan Heunis, Minister of Constitutional Development and Planning do hereby in terms of section 37 (2) of the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984), make known that I have in terms of section 37 (1) (b) of the said Act, altered the development area defined in Government Notice 1784 of 10 November 1967, by the exclusion therefrom of the portion as set out in the Schedule hereto.

J. C. HEUNIS,
Minister of Constitutional Development and Planning.

(File A6/5/2/E8)

SCHEDULE

A certain area of land 21,2276 ha in extent, being Erf 807 (Portion of Erf 762), Elliot, situated in the municipal area and Administrative District of Elliot, as shown on Surveyor-General Diagram 29/88.

DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELINGS-BEPLANNING

No. 2103 **21 Oktober 1988**

WYSIGING VAN DIE GIDSPLAN VIR GROTER PRETORIA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 6A (19) van die Wet op Fisiese Beplanning, 1967 (Wet 88 van 1967) wysig ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, hierby die Gidsplan vir Groter Pretoria deur die sinsnede—"of gemagtigde plaaslike bestuur" na— "Administrateur van Transvaal" by paragraaf G van Bylae B van die Gidsplandokument in te voeg.

Geteken te Pretoria op hede die 19de dag van September 1988.

J. C. HEUNIS,
Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

No. 2131 **21 Oktober 1988**

AANWYSING EN AFSONDERING VAN GROND AS 'N ONTWIKKELINGSGEBIED IN DIE DISTRIK ELLIOT

Ek, Roelof Petrus Meyer, handelende namens en in opdrag van die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, maak hierby ingevolge artikel 33 (3) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), soos gewysig, bekend dat die grond in die Bylae hiervan omskryf ingevolge artikel 33 (1) van genoemde Wet as 'n ontwikkelingsgebied aangewys is.

R. P. MEYER,
Adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

(Lêer A6/5/2/E8)

BYLAE

'n Sekere stuk grond, 99,5095 ha groot, synde Erf 806 (Gedeelte van Erf 1) Elliot, geleë in die munisipale gebied en administratiewe distrik Elliot, soos aangedui op Landmeter-generaaldiagram 28/1988.

No. 2132 **21 Oktober 1988**

VERANDERING VAN ONTWIKKELINGSGEBIED.—MASIBAMBANE, DISTRIK ELLIOT

Ek, Jan Christiaan Heunis, Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning maak hierby ingevolge artikel 37 (2) van die Wet op Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), bekend dat ek die ontwikkelingsgebied afgesonder by Goewermentskennisgewing 1784 van 10 November 1967, ingevolge artikel 37 (1) (b) van genoemde Wet verander het deur die gedeelte soos omskryf in die Bylae af te skaf.

J. C. HEUNIS,
Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

(Lêer A6/5/2/E8)

BYLAE

'n Sekere gedeelte grond 21,2276 ha groot, synde Erf 807 (Gedeelte van Erf 762) Elliot, geleë in die munisipale gebied en administratiewe distrik Elliot soos aangetoon op Landmeter-generaaldiagram 29/88.

DEPARTMENT OF FINANCE

No. 2106 **21 October 1988**

SOUTH AFRICAN RESERVE BANK ACT, 1944

DETERMINATION OF STATUTORY PRICE OF GOLD

It is hereby notified that, in terms of section 17 (A) (1) of the South African Reserve Bank Act, 1944 (Act 29 of 1944), the Minister of Finance has valued, as from 30 September 1988 all gold of the South African Reserve Bank at R890,17 per fine ounce of gold.

No. 2113 **21 October 1988**

Notice is hereby given that the transfer books of the undermentioned Local/Internal Registered Stocks will be closed from 31 October 1988 to 30 November 1988, both days inclusive, and that the interest due on 30 November 1988, will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the transfer books:

Internal Registered Stock, 13,50 Per Cent, 1996.

DEPARTMENT OF FOREIGN AFFAIRS

No. 2134 **21 October 1988**

RECOGNITION GRANTED AS CONSUL

It is hereby notified that Mr Thomas Patric Furey has, with effect from 25 August 1988, been granted recognition as Consul of the United States of America in Johannesburg, with the Provinces of the Transvaal and the Orange Free State as his area of jurisdiction. Mr Furey is the successor to Mr R. F. Crehan.

(72/33/2)

No. 2135 **21 October 1988**

RECOGNITION GRANTED AS CONSUL (COMMERCIAL)

It is hereby notified that Mr Peter James Bacon has, with effect from 22 August 1988, been granted recognition as British Consul (Commercial) in Johannesburg, with the Provinces of the Transvaal, Natal and the Orange Free State and that portion of the Province of the Cape of Good Hope to the north of and excluding the Magisterial Districts of Philipstown, Britstown, Victoria West, Carnarvon, Kenhardt and Gordonia as his area of jurisdiction. Mr Bacon is the successor to Mr M. Bourke.

(72/20/4)

No. 2136 **21 October 1988**

RECOGNITION GRANTED AS CONSUL (TRADE)

It is hereby notified that Mr Philippe Abelin has, with effect from 22 August 1988, been granted recognition as Consul (Trade) of France in Johannesburg, with the Provinces of the Transvaal, the Orange Free State and Natal as his area of jurisdiction. Mr Abelin is the successor to Mr J. M. C. M. Bellat.

(72/30/2)

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 2106 **21 Oktober 1988**

WET OP DIE SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK, 1944

BEPALING VAN STATUTÊRE GOUDPRYS

Hierby word bekendgemaak dat die Minister van Finansies kragtens artikel 17 (A) (1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, 1944 (Wet 29 van 1944), alle goud van die Suid-Afrikaanse Reserwebank met ingang van 30 September 1988 teen R890,17 per ons suiwer goud gewaardeer het.

No. 2113 **21 Oktober 1988**

Hiermee word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike/Binnelandse Geregisreerde Effekte van 31 Oktober 1988 tot en met 30 November 1988 gesluit sal wees en dat die rente betaalbaar op 30 November 1988 aan die effektebesitters wat op die datum van sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:

Binnelandse Geregistreerde Effekte, 13,50 Persent, 1996.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE

No. 2134 **21 Oktober 1988**

ERKENNING VERLEEN AS KONSUL

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Thomas Patric Furey met ingang van 25 Augustus 1988 erkenning verleen is as Konsul van die Verenigde State van Amerika in Johannesburg, met die provinsies Transvaal en die Oranje-Vrystaat as sy regsgebied. Mnr. Furey is die opvolger van mnr. R. F. Crehan.

(72/33/2)

No. 2135 **21 Oktober 1988**

ERKENNING VERLEEN AS KONSUL (HANDEL)

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Peter James Bacon met ingang van 22 Augustus 1988 erkenning verleen is as Britse Konsul (Handel) in Johannesburg, met die provinsies Transvaal, Natal en die Oranje-Vrystaat en die gedeelte van die provinsie die Kaap die Goeie Hoop ten noorde van en uitsluitende die landdrosdistrikte Philipstown, Britstown, Victoria-Wes, Carnarvon, Kenhardt en Gordonia as sy regsgebied. Mnr. Bacon is die opvolger van mnr. M. Bourke.

(72/20/4)

No. 2136 **21 Oktober 1988**

ERKENNING VERLEEN AS KONSUL (HANDEL)

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Philippe Abelin met ingang van 22 Augustus 1988 erkenning verleen is as Konsul (Handel) van Frankryk in Johannesburg, met die provinsies Transvaal, die Oranje-Vrystaat en Natal as sy regsgebied. Mnr. Abelin is die opvolger van mnr. J. M. C. M. Bellat.

(72/30/2)

No. 2137 **21 October 1988**

RECOGNITION GRANTED AS CONSUL (INFORMATION)

It is hereby notified that Mr Michael Thomas Scanlin has, with effect from 24 August 1988, been granted recognition as Consul (Information) of the United States of America in Cape Town, with the Province of the Cape of Good Hope and the Territory of South West Africa as his area of jurisdiction. Mr Scanlin is the successor to Mr S. M. Kouttab.

(72/33/3)

No. 2138 **21 October 1988**

RECOGNITION GRANTED AS VICE-CONSUL

It is hereby notified that Mr Ronald Allen Trigg has, with effect from 5 August 1988, been granted recognition as Vice-Consul of the United States of America in Johannesburg, with the Provinces of the Transvaal and the Orange Free State as his area of jurisdiction. Mr Trigg is the successor to Mr F. J. Kaplan.

(72/33/2)

No. 2139 **21 October 1988**

RECOGNITION GRANTED AS ASSISTANT CONSULAR ATTACHÉ

It is hereby notified that Mr Uwe Günter Donde has, with effect from 1 August 1988, been granted recognition as Assitant Consular Attaché of the Federal Republic of Germany in Johannesburg, with the Provinces of the Transvaal and the Orange Free State as his area of jurisdiction.

(72/154/2)

No. 2140 **21 October 1988**

RECOGNITION GRANTED AS VICE-CONSUL

It is hereby notified that Mr Alfred Solomzi Ndzendze has, with effect from 30 May 1988, been granted recognition as Vice-Consul of the Republic of Transkei in Johannesburg, with the Province of the Transvaal as his area of jurisdiction. Mr Ndzendze is the successor to Mr D. T. Dyani.

(72/226/3)

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

No. 2096 **21 October 1988**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—TALABOS TO STANBRIDGE

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Richard Francis Talabos, residing at 5 Wenlock Road, Newlands, Cape Town, to assume the surname of Stanbridge.

No. 2137 **21 Oktober 1988**

ERKENNING VERLEEN AS KONSUL (INLIGTING)

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Michael Thomas Schanlin met ingang van 24 Augustus 1988 erkenning verleen is as Konsul (Inligting) van die Verenigde State van Amerika in Kaapstad, met die provinsie die Kaap die Goeie Hoop en die gebied Suidwes-Afrika as sy regsgebied. Mnr. Scanlin is die opvolger van mnr. S. M. Kouttab.

(72/33/3)

No. 2138 **21 Oktober 1988**

ERKENNING VERLEEN AS VISE-KONSUL

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Ronald Allen Trigg met ingang van 5 Augustus 1988 erkenning verleen is as Vise-konsul van die Verenigde State van Amerika in Johannesburg, met die provinsies Transvaal en die Oranje-Vrystaat as sy regsgebied. Mnr. Trigg is die opvolger van mnr. F. J. Kaplan.

(72/33/2)

No. 2139 **21 Oktober 1988**

ERKENNING VERLEEN AS ASSISTENT KONSULÊRE ATTACHÉ

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Uwe Günter Donde met ingang van 1 Augustus 1988 erkenning verleen is as Assistent Konsulêre Attaché van die Bondsrepubliek Duitsland in Johannesburg, met die provinsies Transvaal en die Oranje-Vrystaat as sy regsgebied.

(72/154/2)

No. 2140 **21 Oktober 1988**

ERKENNING VERLEEN AS VISE-KONSUL

Hierby word bekendgemaak dat aan mnr. Alfred Solomzi Ndzendze met ingang van 30 Mei 1988 erkenning verleen is as Vise-konsul van die Republiek Transkei in Johannesburg, met die provinsie Transvaal as sy regsgebied. Mnr. Ndzendze is die opvolger van mnr. D. T. Dyani.

(72/226/3)

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 2096 **21 Oktober 1988**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—TALABOS IN STANBRIDGE

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Richard Francis Talabos, woonagtig te Wenlockstraat 5, Newlands, Kaapstad, te magtig om die van Stanbridge aan te neem.

No. 2097 **21 October 1988**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—BAKER TO TRUMAN-BAKER

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Jeremy Nicolas Truman Baker, his wife Jacqueline May and minor children Piers Benedick Truman and Catlin Toë Truman Baker, residing at 46 Brook Street, Bakoven, Cape Town, to assume the surname of Truman-Baker.

No. 2105 **21 October 1988**

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—DUMA TO MTHEMBU

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act 1 of 1937), to authorise Mhlushwa Samuel Duma his wife Mandise Beauty and minor child Ngobile Duma, residing at Q194, New Umlazi Township, to assume the surname of Mthembu.

DEPARTMENT OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS

No. 2102 **21 October 1988**

RESERVATION OF LAND FOR THE PURPOSE OF A PUBLIC ROAD

The Mining Commissioner for the Mining District of Heidelberg has, in terms of section 179 (1) (b) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), reserved for the purpose of a public road a strip of proclaimed land on the farms Winkelhaak 135 IS, Goedverwachting 287 IS and Langverwacht 282 IS, District of Highveld Ridge, Mining District of Heidelberg, Province of the Transvaal, as shown on a sketch plan, copies of which have been filed under RMT R64/88 in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Heidelberg.

(19/5/1/2580)

DEPARTMENT OF TRADE AND INDUSTRY

No. 2098 **21 October 1988**

CLOSE CORPORATIONS ACT, 1984

AMENDMENT OF THE CLOSE CORPORATIONS ADMINISTRATIVE REGULATIONS, 1984

I, Theodorus Gerhardus Alant, Deputy Minister of Economic Affairs and Technology, hereby, on behalf of the Minister of Economic Affairs and Technology, under section 10 of the Close Corporations Act, 1984 (Act 69 of 1984), amend the Close Corporations Administrative Regulations, 1984, published under Government Notice R. 2487 of 1984, in accordance with the Schedule hereto.

T. G. ALANT,
Deputy Minister of Economic Affairs and Technology.

No. 2097 **21 Oktober 1988**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—BAKER IN TRUMAN-BAKER

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Jeremy Nicolas Truman Baker, sy vrou Jacqueline May en minderjarige kinders Piers Benedick Truman en Caitlin Toë Truman Baker, woonagtig te Brookstraat 46, Bakoven, Kaapstad, te magtig om die van Truman-Baker aan te neem.

No. 2105 **21 Oktober 1988**

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—DUMA IN MTHEMBU

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet 1 van 1937), Mhlushwa Samuel Duma sy vrou Mandise Beauty en minderjarige kind Ngobile Duma, woonagtig Q194, New Umlazi Township, te magtig om die van Mthembu aan te neem.

DEPARTEMENT VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE

No. 2102 **21 Oktober 1988**

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOELEINDES VAN 'N OPENBARE PAD

Die Mynkommissaris vir die myndistrik Heidelberg het 'n strook geproklameerde grond op die plase Winkelhaak 135 IS, Goedverwachting 287 IS en Langverwacht 282 IS, distrik Hoëveldrif, myndistrik Heidelberg, provinsie Transvaal, soos getoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT R64/88 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Heidelberg, bewaar word, kragtens artikel 179 (1) (b) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doeleindes van 'n openbare pad uitgehou.

(19/5/1/2580)

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID

No. 2098 **21 Oktober 1988**

WET OP BESLOTE KORPORASIES, 1984

WYSIGING VAN DIE ADMINISTRATIEWE REGULASIES VIR BESLOTE KORPORASIES, 1984

Ek, Theodorus Gerhardus Alant, Adjunk-minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, wysig hierby namens die Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, kragtens artikel 10 van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 (Wet 69 van 1984), die Administratiewe Regulasies vir Beslote Korporasies, 1984, gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2487 van 1984 ooreenkomstig die Bylae hiervan.

T. G. ALANT,
Adjunk-minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie.

SCHEDULE

1. The Close Corporations Administrative Regulations, 1984, are hereby amended—

(a) by the insertion after regulation 14 of the following heading and regulation:

"Reservation of name

14A. (1) The Registrar may, on written application on the prescribed form and on payment of the prescribed fee, reserve a name (approved by him) or literal translation into another official language of the Republic of a name of a corporation or a shortened form of the name or name so translated of a corporation, pending the registration of a founding statement or amended founding statement.

(2) A reservation referred to in subregulation (1), shall be valid for a period not exceeding two months.

(3) An application for reservation referred to in subregulation (1) shall consist of Form CK7.

(4) The provisions of regulation 15 (3) shall apply *mutatis mutandis* to the proof of payment of the appropriate prescribed fee in respect of Form CK7.";

(b) by the addition of the following subregulation to regulation 15:

"(5) Form CK7 containing particulars of the name reserved for the corporation, as approved by the Registrar, together with such other Forms CK7, if any, containing particulars of the translated name and of the shortened form of the name or translated name, for the corporation, as approved by the Registrar shall, if applicable, be attached to Form CK1.";

(c) by the addition of the following subregulation to regulation 16:

"(6) If the name or translated name of a corporation or the shortened form of the corporation's name or translated name is to be changed, the Form CK7 containing the new name of the corporation as approved by the Registrar, together with such other Forms CK7, as the case may be, containing the new translated name or the shortened form of the corporation's name or translated name as approved by the Registrar shall, if applicable, be attached to Form CK2.";

(d) by the addition in Schedule 1 of the following item:

"11. Reservation of name or translated form or a shortened form of a name	40,00 CK7."; and

(e) by the addition in Schedule 4 of the form contained in the Annexure hereto.

2. These regulations shall come into operation on 1 November 1988.

BYLAE

1. Die Administratiewe Regulasies vir Beslote Korporasies, 1984, word hierby gewysig—

(a) deur die volgende opskrif en regulasie na regulasie 14 in te voeg:

"Reservering van naam

14A. (1) Die Registrateur kan op skriftelike aansoek op die voorgeskrewe vorm en teen betaling van die voorgeskrewe geld 'n naam (deur hom goedgekeur) of letterlike vertaling in 'n ander amptelike taal van die Republiek van 'n naam van 'n korporasie of 'n verkorte vorm van die naam of aldus vertaalde naam van 'n korporasie reserveer in afwagting van die registrasie van 'n stigtingsverklaring of 'n gewysigde stigtingsverklaring.

(2) 'n Reservering in subregulasie (1) bedoel, is vir 'n tydperk van hoogstens twee maande geldig.

(3) 'n Aansoek om reservering in subregulasie (1) bedoel, bestaan uit Vorm CK7.

(4) Die bepalings van regulasie 15 (3) is *mutatus mutandis* van toepassing op die bewys van betaling van die toepaslike voorgeskrewe gelde ten opsigte van Vorm CK7.";

(b) deur die volgende subregulasie by regulasie 15 te voeg:

"(5) Vorm CK7 wat besonderhede bevat van die naam wat vir die korporasie gereserveer is, soos deur die Registrateur goedgekeur, saam met sodanige ander Vorms CK7, as daar is, wat besonderhede bevat van die vertaalde naam en verkorte vorm van die naam of vertaalde naam vir die korporasie, soos deur die Registrateur goedgekeur, moet, indien van toepassing, by Vorm CK1 aangeheg word.";

(c) deur die volgende subregulasie by regulasie 16 te voeg:

"(6) Indien die naam of vertaalde naam van 'n korporasie of die verkorte vorm van die korporasie se naam of vertaalde naam verander gaan word, moet Vorm CK7 wat die nuwe naam van die korporasie bevat, soos deur die Registrateur goedgekeur, saam met sodanige ander Vorms CK7 wat, na gelang van die geval, die nuwe vertaalde naam of verkorte vorm van die korporasie se naam of vertaalde naam bevat wat deur die Registrateur goedgekeur is, by Vorm CK2 aangeheg word, indien van toepassing.";

(d) deur die volgende item in Bylae 1 by te voeg:

"11. Reservering van naam of 'n vertaalde vorm of 'n verkorte vorm van 'n naam	40,00 CK7."; en

(e) deur in Bylae 4 die vorm in die Aanhangsel hiervan vervat, by te voeg.

2. Hierdie regulasies tree in werking op 1 November 1988.

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VORM/FORM CK7

WET OP BESLOTE KORPORASIES, 1984 / CLOSE CORPORATIONS ACT, 1984
(Regulasie 14A / **Regulation 14A**)

Geen koolpapier benodig nie.
No carbon paper required.

Aansoek om Reservering van Naam of Vertaalde Vorm of Verkorte Vorm
Application for Reservation of Name or Translated Form or Shortened Form

(Moet in tweevoud ingedien word / **To be lodged in duplicate**)

Registrasiekantoor vir Beslote Korporasies
Posbus 429, Pretoria, 0001
Telegramadres: "MAATCOM"
Close Corporations Registration Office
P.O. Box 429, Pretoria, 0001
Telegraphic Address: "MAATCOM"

Inkomsteseël
of inkomstefrankeermasjien-stempel: **R40**
Revenue stamp or revenue franking machine impression: R40

A. Voorgestelde Naam / **Proposed Name** ☐ of Vertaalde Vorm / **or Translated Form** ☐ of Verkorte Vorm / **or Shortened Form** ☐

